# Laerskool Fochville

# GODSDIENSBELEID

# LAERSKOOL FOCHVILLE
# BEHEERLIGGAAM

SEWENDESTRAAT 22
POSBUS 50
Fochville
2515

E-Pos: lsfhoof@lantic.net
Tel: 018 – 771 2039
Faks: 018 – 771 2030

## BELEIDSAANVAARDING
## GODSDIENS SBST
Maart 2024

| | NAAM EN VAN | HANDTEKENING |
|---|---|---|
| 1. | Combrinck Elmarie | Combrinck |
| 2. | De Wet Liezl | |
| 3. | Dippenaar Ursula | |
| 4. | Du Toit Juan | |
| 5. | Harman Maroné | |
| 6. | Lamprecht Dewald | |
| 7. | Nel Dawie | |
| 8. | Nel Elanie | |
| 9. | Peterson Anthony | |
| 10. | Smit Ryan | |
| 11. | Visagie Jasél | |

Waar u kind se toekoms tel

# Laerskool Fochville

# GODSDIENSBELEID

## AANHEF

Hierdie dokument is die Godsdiensbeleid van Laerskool Fochville, soos die Beheerliggaam dit op 11/04/2016 goedgekeur het.

Die Grondwet en die Suid-Afrikaanse Skolewet, gee die toon aan vir mense van welwillendheid om hul eie benaderings uit te werk en in die godsdiensbeleid uit te druk.

Die Suid-Afrikaanse Skoolwet, handhaaf die grondwetlike regte van alle burgers, op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening, en vryheid van onbillike diskriminasie op enige gronde hoegenaamd nie, dit laat toe dat godsdiensbeoefening by 'n openbare skool geskied kragtens reëls wat deur die beheerliggaam uitgereik is indien sodanige nakoming op 'n billike basis geskied en bywoning deur leerders en lede gratis en vrywillig is.

Die Wet op Onderwys in Gautengse Skole bepaal dat die godsdiensbeleid van openbare skole deur die Beheerliggaam van die skool gemaak sal word na oorlegpleging met die Departement en onderhewig aan die goedkeuring van die lede van die Uitvoerende Raad.

Die Godsdiensbeleid erken

- die fundamentele waardes wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996;
- die toepaslike bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, en ander tersaaklike provinsiale wetgewing vervat word.

Artikel 15(1) van die Grondwet bepaal dat elke persoon die reg het op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.
Artikel 15(2) bepaal voorts dat godsdiensbeoefening by staats- of staatsondersteunde instellings kan geskied, mits:

(a) sodanige beoefening die reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare owerheid neergelê is;

(b) dit op 'n billike grondslag geskied; en

(c) bywoning daarvan vry en vrywillig is.

(d) Laerskool Fochville erken dat bogenoemde regte nie absoluut is nie en deur artikel 36 van die Grondwet beperk kan word.

Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet verleen aan die Beheerliggaam die mag om die reëls ingevolge waarvan godsdiensbeoefening moet geskied, te bepaal. Hierdie mag is onderhewig aan die Grondwet en enige ander toepaslike provinsiale wetgewing. Godsdiensbeoefening moet op 'n gelyke grondslag geskied en opvoeders en leerders se bywoning moet vrywillig wees.
Op grond van bogenoemde het die Beheerliggaam van Laerskool hierdie Godsdiensbeleid met inagneming van die godsdienstige samestelling van die skool en ter uitvoering van die missie van die skool opgestel.

Laerskool Fochville onderneem om te verseker dat elke verteenwoordigende godsdiens by die skool op gelyke grondslag hanteer sal word. Dit impliseer dat alhoewel Laerskool Fochville onderrig op Christelike geloof gebasseer is, daar teen geen ander geloof gediskrimineer sal word nie.

## DOEL VAN DIE BELEID

Die primêre doel van hierdie godsdiensbeleid is om:

- Seker te maak dat daar geen diskriminerende praktyke onder leerders en personeel is op grond van godsdienstige oortuigings en orientasie tot 'n bepaalde geloof of godsdiens nie.
- Bevorder verdraagsaamheid en eenheid onder leerders en personeel deur diversiteit van godsdienstige praktyke en oortuigings wat in die skoolgemeenskap bestaan.

## TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE BELEID

- Hierdie beleid is van toepassing op die leerders, opvoeders, ondersteuningspersoneel, die skoolbestuur en ouers van leerders by die skool Wetgewende raamwerk.
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), soos gewysig.
- Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet No. 27 van 1996), soos gewysig.
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), soos gewysig.
- Wet op indiensneming van opvoeders, 1998 (Wet No. 76 van 1998).
- Wet op Onderwysbeleid in Gauteng, 1998 (Wet No. 12 van 1998), soos gewysig.
- Wet op Onderwys in Gautengse Skole, 1995 (Wet No. 6 van 1995), soos gewysig.

Godsdiensbeleid

- Nasionale Beleid oor Godsdiens en Onderwys (Algemene Kennisgewing No. 1307 van 2003).
- Toelating van leerders tot openbare skole (Algemene Kennisgewing No. 4138 van 2001) .

## BELEIDSVERKLARINGS

- **Vryheid van gewete**

a) Geen persoon wat by Laerskool Fochville werksaam is, mag probeer om leerders in 'n bepaalde geloof of godsdiens te indoktrineer of enige godsdiens af te kraak nie.

b) In hierdie verband respekteer die Departement die reg en pligte van die ouers om rigting aan hul kinders te gee in die uitoefening van hul regte as leerders, op 'n wyse wat ooreenstem met die ontwikkelende vermoe van die betrokke kinders.

c) Die Skoolbeheerliggaam erken die reg van opvoeders en nie-opvoeders op vryheid van gewete en sal nie pligte of verantwoordelikhede op personeel afdwing sonder hul toestemming nie.

- **Godsdienstige vieringe**

By Laerskool Fochville is leerders oorwegend van die Christelike geloof.

a) Ter erkenning van die uiteenlopende godsdienste en denominasies wat onder die skoolgemeenskap voorkom en op grond van die feit dat die meerderheid leerders, ouers en personeellede by die skool uit verskillende godsdienstige gelowe en oortuigings kom, moet die skool se godsdienstige vieringe hoofsaaklik gehou word om die diversiteit van godsdienstige gelowe en oortuigings op 'n billike basis te akkommodeer.

- **Leerderdeelname aan godsdiensbeoefening**

a) Leerderdeelname aan hierdie aktiwiteite is gratis en vrywillig. Leerders kan nie gedwing word om dit by te woon of om die regte van ander leerders en opvoeders om hierdie vieringe by te woon, te skend nie.

b) Leerders wat verkies om dit nie by te woon nie, sal betrokke wees by ander aktiwiteite wat onder toesig deur die skool goedgekeur is en mag nie inmeng met of skoolaktiwiteite ontwrig nie.

➢ **Opvoederdeelname aan godsdiensbeoefening**

Opvoederdeelname aan hierdie aktiwiteite is gratis en vrywillig.

a) Opvoeders moet objektief wees oor godsdiens terwyl hulle hul pligte as opvoeders uitvoer. Hulle moet alle verskillende godsdienstige en kulturele tradisies met regverdigheid en respek behandel.

b) Opvoeders mag nie tydens kontaktyd aan godsdienstige aktiwiteite van leerders deelneem of lei nie.

c) Opvoeders mag leerders nie beloon of straf omdat hulle saamstem of nie saamstem met hul godsdienstige sienings nie.

**'Godsdiens'** – verwys na die omvattende en fundamentele oriëntasies in die wêreld, met bepaalde verwysing na heilige, spirituele en nie-sekulêre oortuigings; vereis toewyding; sluit georganiseerde vorme van geloof en sekere wêreldbeskouinge in. Dit word ook kollektief gebruik om na daardie organisasies te verwys wat opgerig is ten einde hierdie oortuigings te beskerm en te bevorder.

**'Godsdiensteonderrig'** – verwys na 'n kurrikulêre program met duidelike en ouderdomsverwante opvoedkundige doelwitte wat vir die onderrig en leer van godsdiens, godsdienste en godsdienstige diversiteit in Suid-Afrika en die wêreld deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word. Die studie van godsdiens moet ten doel hê om herkenbare opvoedkundige doelwitte te bereik wat in ooreenstemming is met die doelwitte en uitkomste van ander leerareas, en programme in Godsdiensteonderrig moet, soos ander leerareas in die kurrikulum, tot die ontwikkeling van grondliggende waarnemings-, luister-, lees-, skryf- en denkvaardighede bydra.

a) Godsdiensste onderrig is 'n program om oor godsdiens in al sy vele vorme te studeer sonder om enige spesifieke godsdiens of geloof te bevorder.

b) Die Lewensoriënteringsprogram moet doelbewus die morele en etiese ontwikkeling van leerders nastreef terwyl hulle leer oor die verskillende godsdienste en oortuigings wat bestaan.

c) 'n Leerder in 'n openbare skool sal die reg op godsdiensonderrig hê soos beoog deur die (hersiene Nasionale) Kurrikulum.

d) Elke leerder by die skool het die reg om nie godsdiensonderrigklasse en godsdienspraktyke by die skool by te woon nie.

e) Enige material wat by byeenkomste gebruik word, moet verkieslik aangbeid word in die raamwerk wat vir Godsdiensonderrig uiteengesit word, dit wil sê as 'n opvoedkundige ervaring en nie 'n seremonie nie.

Godsdiensbeleid

**<u>'Godsdiensonderrig'</u>** – verwys na 'n program met inligting oor 'n bepaalde godsdiens wat ten doel het om navolging van daardie bepaalde godsdiens te bevorder. Die beheerliggaam beskou die huisgesin en geloofsgemeenskap as die hoofvoorsieners van godsdiensonderrig. Die skool is 'n opvoedkundige instelling. Godsdiensonderrig maak dus nie deel uit van die formele skoolprogram nie. Buite instansies kan skriftelik by die skoolhoof aansoek doen om die skool se geriewe vir sodanige programme beskikbaar te stel. Met dien verstande dat godsdiensonderrig nie met die formele opvoedkundige doelwitte van die skool inmeng nie. Hierdie aansoek moet 'n volledige uiteensetting bevat ten opsigte van die program, die teiken groep, die grootte van die groep, datum, tyd, aanbieder van die aktiwiteit en die toesig/beheer wat uitgeoefen sal word. Die skriftelike aansoek moet die skool 4 weke voor die aanvangsdatum van die aktiwiteit bereik. Dit sal met die Beheerliggaam bespreek word en terugvoering sal so gou moontlik deur die skoolhoof gegee word.

Godsdiensonderrig sal nie deel vorm van die amptelike leerplan nie, maar geleentheid sal geskep word vir godsdiensbeoefening in die vorm van amptelike openings, genooide sprekers en besprekingsgroepe.

Predikers van verskillende denominasies kon genooi word om die leerders oor godsdienstige kwessies toe te spreek. Dit staan leerders dan vry om vrae te vra oor die kwessies wat deur hierdie genooide gassprekers aangespreek word.

Bywoning van sulke geleenthede sal gratis en vrywillig wees.

Die beoefening van godsdiens kan ook die volgende insluit:

a) Die sing van gewyde liedere.
b) Die opening en afsluiting van die skoolaktiwiteite met skriflesing en gebed.
c) Nooi gassprekers uit om oor godsdienstige sake te praat.
d) Wys godsdienstige films en toneelstukke van verskillende godsdienste.

**<u>'Godsdiensbeoefening'</u>** – dui op daardie aktiwiteite of optrede wat aan die waardes van 'n bepaalde geloof of oortuiging uiting gee, en sluit onder andere bidure, Skriflesing, kleredrag en diëte in. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet kan godsdiensbeoefening op die volgende maniere geskied:

- Vrywillige, openbare geleenthede waar die skool se geriewe vir die doel van godsdiensbeoefening gebruik word.
- Vrywillige geleenthede (in skooltyd) deur die skoolgemeenskap (leerders en opvoeders).

Godsdiensbeleid

- Vrywillige geleenthede in gewone of ander pouses by die skool.

**SKOOL SE MISSIE**

- Ter uitvoering van die skool se visie en missie is Laerskool Fochville se godsdiensbeleid op 'n enkele godsdiens, naamlik Christelike geloof gegrond.
- Omdat Laerskool Fochville die waardes in die Handves van Regte erken en eerbiedig, verseker die beheerliggaam dat die beoefening van ander godsdienste gerespekteer en in ag geneem sal word.
- Opvoeders en leerders sal die bepaalde godsdiensbeoefening vrywillig kan bywoon.
- Die skool sal opvoeders of leerders geensins verplig om aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem waarteen hulle 'n gewetensbeswaar het nie.
- Alternatiewe reëlings sal getref word vir toesig oor die leerders wat nié die godsdiensbeoefening wil bywoon nie.
- Leerders moet die skool van 'n brief voorsien waarin hul ouers die gewetensbeswaar bevestig.
- Godsdiensteonderrig sal ooreenkomstig die Nasionale Beleid oor Godsdiens en Opvoeding geskied.
- Dié onderrig maak deel uit van die leerarea Lewensoriëntering. Sodanige onderrig sal vanuit die skool se oogpunt geskied soos wat sy missie en visie dit bepaal.
- Geen opvoeder sal verplig word om godsdiensteonderrig te gee indien hy/sy 'n gewetensbeswaar teen die inhoud van die kurrikulum het nie.
- Sodanige beswaar moet skriftelik aan die skoolhoof oorgedra word.
- Die beheerliggaam kan oorweeg om 'n persoon/persone aan te stel wat nié 'n probleem sal hê om die bepaalde program aan te bied nie.

Laerskool Fochville sal sover moontlik begrip en respek vir godsdienstige diversiteit bevorder en uitbou.

Hierdie **GODSDIENSBELEID** is deur die Beheerliggaam van Laerskool Fochville goedgekeur tydens die Beheerliggaam vergadering van ___/___/2024.

P. J. du Toit

**VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM** — **Handtekening**

Datum: 30/07/2024

U. Dippenaar

**SKOOLHOOF** — **Handtekening**

Datum: 30/7/2024

M. Bhana

**DISTRIKVERTEENWOORDIGER** — **Handtekening**

Datum: 8/8/24

**KRINGBESTUURDER: MNR. E. DITSI** — **Handtekening**

Datum: 17/09/2024

**DISTRIK DIREKTEUR: MNR. V. RAJUILE** — **Handtekening**

Datum: 19/09/2024

# Datum van volgende hersiening:

**HERSIENING GESKIEDENIS:**

| Soos gewysig op: (Spesifiseer datums) |
| --- |
| • |
| • |
| • |

**Beleidswysiging**

Die Beheerliggaam van Laerskool Fochville kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig/hersien soos wat dit nodig mag wees.